AFRIKAANS HUISTAAL VRAESTEL 1 NOVEMBER 2009

AFDELING A: LEESBEGRIP

Vraag 1

1.2 Kandidate moet seker maak uit hoeveel dele 'n vraag bestaan. Hier is 'n houding en 'n motivering gevra: indien die eerste deel nie beantwoord is nie, kon geen punte verdien word as net die tweede deel beantwoord is nie.
1.3 Kandidate verstaan nie dat geïmpliseerde beteken dit wat nie daar staan nie. Dikwels is die stellings soos dit gegee is, net so oorgeskryf.
1.5 Ten spyte van die feit dat EIE WOORDE in die antwoord vereis is, het kandidate die paragraaf byna woordeliks oorgeskryf. Kandidate moet geleer word om die strekking van die inhoud te verstaan en dit dan in eie woorde te gee.
1.8 Vrae wat 'n oop antwoord vereis, moet nog steeds by die teks aansluit.

SPOTPRENT

1.9 Waar daar in 'n vraag na 'n verskil verwys word, moet die kandidate twee sake noem.
1.13 Hierdie vraag is oor die algemeen swak beantwoord omdat dit nie behoorlik gelees is nie. Dit gaan nie net oor die ironie van die woorde nie, maar spesifiek oor die feit dat die seuntjie die woorde sê. Dit moet beklemtoon word dat kandidate die vrae versigtig moet lees en dit reg moet interpreteer. Leerders moet onderrig word om te verstaan presies wat *ironie* is.

WEERKAART

Kandidate moet geleer word om ALLE INLIGTING op grafika in ag te neem as dit by die beantwoording van vrae kom.

1.17 Basiese beantwoording was teleurstellend: waar daar in die vraag gevra is *Waar in die land. . .* het die kandidate geantwoord *In geen land nie.*

ALGEMEEN

Alhoewel die opdrag nie daar was nie, is dit altyd raadsaam om die vrae in een volsin te beantwoord – kandidate skryf enigiets tussen 5 en 10 reëls vir 2 punte.
Dit is belangrik dat die spotprent meer onderrig moet word.

AFDELING B: OPSOMMING

Vraag 2

Hierdie vraag is oor die algemeen taamlik goed beantwoord. Dit moet egter onder kandidate se aandag gebring word dat VOLSINNE by die opsomming vereis word. Geen punte is toegeken vir 'n feit wat nie in 'n volsin aangebied is nie, bv. *Help om bloedsirkulasie te stimuleer* is nie 'n volsin nie teenoor *Dit help om bloedsirkulasie te stimuleer,* wat wel 'n volsin is.

Dit is hartseer as 'n kandidaat die regte feit skryf, maar dit nie in 'n volsin aanbied nie, veral as AL die punte as gevolg daarvan verloor word.

BAIE BELANGRIK: Taal- en spelfoute word in alle feite – reg of verkeerd – gepenaliseer.

Verder moet kandidate ook onthou dat dit 'n vereiste is om die getal woorde onderaan die antwoord aan te dui, al is daar nie eens so 'n opdrag nie.

AFDELING C: TAAL

Vraag 3

KOERANTARTIKEL

3.5 Dit moet beklemtoon word dat intensiewe vorme soos grasgroen EEN WOORD moet wees.

3.7 Min kandidate kon hierdie vraag beantwoord omdat hulle nie geweet het wat 'n byvoeglike bysin is nie. *'n Grafiese ontwerper van Kaapstad* word *'n Grafiese ontwerper wat in Kaapstad woon*. Baie ander moontlikhede is ook aanvaar – dit moes net 'n byvoeglike bysin wees.

3.8 Te veel kandidate sukkel ook om die direkte rede korrek oor te skryf in die indirekte rede. Dit is belangrik om te beklemtoon dat die tyd van die werkwoord nie moet verander nie (dit word so nagesien), bv. *Andries Odendaal, 'n grafiese ontwerper van Kaapstad, sê: "Dit was 'n lang proses van . . .* moet NIE verander word na *het gesê* nie. Die basiese beginsel dat daar in die indirekte rede geen aanhalingstekens moet wees nie, is skynbaar iets wat baie kandidate nie weet nie.

3.14 Kritiese taalbewustheid moet meer aandag kry. Om gevoelstaal meer neutraal te skryf, was problematies. Kandidate moet meer oefening hierin kry.

ADVERTENSIE

3.19 Kandidate het gesukkel om hierdie vraag te beantwoord. Daar moes 'n verwysing na die tipografie sowel as die boodskap van die teks gewees het om die punt te verdien. Dit wil voorkom asof sommige kandidate nie weet wat *tipografie* beteken nie.

3.24 Woordeboekwerk moet onderrig word.

STROKIE

3.27 Kandidate het gesukkel om die geïmpliseerde betekenis van die twee vrae te beantwoord. Sien ook 3.14. Kritiese taalbewustheid moet meer aandag kry. Strokies moet meer aandag geniet.